

# Die agt maande lamstelsel en variasies daarvan

\* Dr Dave Midgley

*Hierdie is die stelsel waarmee ek die meeste te doen gekry het in die 20 jaar wat ek in die Suid-Kaap (Riversdal) in die praktyk was. Sekerlik nie omdat dit noodwendig die beste stelsel is nie, maar omdat ek geglo het dat dit die beste stelsel vir Merinoboere in daardie omgewing was, en hulle dan oortuig het om dit te volg.*

In September 1991 het ek 'n referaat gelewer by die kongres van die SAVV (Suid Afrikaanse Veeartsenykundige Vereniging) by Mount Aux Sources in Natal oor verskillende bestuurstelsels van skape. Ek het ter voorbereiding hiervoor plase besoek van boere wat hul ramme heeltyd by die ooie gehou het, tot 'n boer wat toe reeds die Stêrstelsel toegepas het. Ek het toe 'n "teoretiese model" vir my kliënte saamgestel van wat ek gereken het die beste vir daardie omgewing sou wees, deur die volgende in ag te neem:

## Behoeftebepaling

Baie boere het gekla dat die wolprys "af" was en dat hulle nie meer soveel geld uit hul skape gemaak het as wat hulle gevoel het dat hul behoort nie. Die NWKV (Smiley de Beer) het op daardie stadium 'n ekonomiese analise van skaapboerdery in die Suid- en Wes-Kaap gedoen en uit die syfers wat ek by hom gekry het 'n paar belangrike afleidings gemaak:

- Geen boer het 'n verlies uit hul skape gemaak nie, maar die variasie in inkomste was geweldig groot/wyd. Die laagste bruto marge per KVE was R15, terwyl die hoogste R200/KVE was. (Dit was vir my onaanvaarbaar, en ek wou weet hoekom dit so was. Die ander kommerwekkende ding vir my is dat waar ek nou in 2009 oor die hele land beweeg, ek steeds dieselfde tendens waarneem!).
- Uit die opname is afgelei dat speen% die grootste invloed op bruto marges gehad het.
  - Die gemiddelde speen% van die Riversdal-boere in die opname was 94% teenoor die S.A. gemiddeld van 72% in daardie jaar.
  - Nie een boer by wie ek gewerk het, het dit reggekry om vir 3 jaar na mekaar 100% of meer te speen nie! En baie van die "top" skaapboere het glad nie by 100% uitgekom nie.
- Die verhouding van vleisinkomste tot wolinkomste was 45:55 by die laer inkomste (BM) groep, tot om en by 70:30 by die hoër inkomste groep.

Ons moes net eenvoudig die speen% lig! Ek het toe ook 'n artikel gelees "Meer lammers, meer wol, meer wins." Hoe meer lammers jy aankry, hoe strenger kan jy selekteer en hoe meer het jy oor om te verkoop. Meer lammers gee jou dus die geleentheid om beter lammers in jou kudde terug te bring (deur strenger te kan selekteer). Ook dit het my net weereens die belang van 'n verhoogde speenpersentasie laat beseef!



Die ander baie belangrike oorweging in 'n saaiestreek waar uitgawes deur die jaar voorkom, maar 'n inkomste slegs een maal per jaar na oestyd ingekom het, was **kontantvloei**. Baie boere het 'n melkery gehad om hul kontantvloei te verbeter, maar gou gesien dat hulle uitgawes in die Rûens gebied net te hoog was en dat hulle nie winste getoon het wat vir die insette kon vergoed nie. Ons het gesoek na 'n stelsel waar 'n skaapboerdery van 'n "saaiboerdery" (een maal per jaar 'n woltjek en een of twee maal per jaar 'n groot klomp lammers om te bemark) na 'n "melkery" (met 'n deurlopende of maandelikse inkomste) kon verander.

Die reënvalsyfers van die Langebergstreek oor 'n 100 jaar periode van 1880-1980 het getoon dat die gemiddelde reënval ongeveer 390 mm per jaar was en dat hierdie 'n dwars-deur-die-jaar reënvalgebied was met laagtepunte in die laatsomer en laatwinter. Die weidingspatrone en voervloei het dan ook hierdie patroon gevolg. Een van die ou boere het die omgewing beskryf as "vandag volop, môre skoonop!"

Op daardie stadium was ongeveer 90% van die skape in daardie omgewing Merinos, en die boere was wolboere wat geglo het dat 'n skaap baie wol moes dra! Eerder as om almal te verkoop en na 'n ander ras oor te skakel, of om deur teling na 'n ander ras oor te skakel (wat 'n lang proses is), het ons gekyk na stelsels wat die Merino dalk beter sou pas as die "tradisionele" stelsels wat in gebruik was.

Ons stelsel moes of by die omgewing aanpas, of ons moes die omgewing by die stelsel laat aanpas en dan voorsiening maak vir die oorbrugtingsperiodes tussen somer en winter, asook vir seisoenale droogtes as die reën sou wegbly of laat kom. Om die eerste opsie na te streef het ons gekyk na kruisteling en na die moontlikheid om alle ooie wat in die herfs gepaar word, met "vleisramme" (of dan in die streekstaal met "baster-ramme"), te paar sodat hierdie lammers wat vinniger groei die duurder of "beter" Kerstydmark ("wanneer die Transvalers Stilbaai toe kom") bereik en van die plaas af is as die "kos" op die laagste is. Dit het ekonomies vir ons sin gemaak, maar om 'n stel ramme vir kruis heel jaar aan te hou om net een maal per jaar te benut, sou tot hul onderbenutting en 'n gevolglike hoër ramkoste per lam lei.

Die ander probleem was dat die speenpersentasie net te laag was, en dat kruisteling genetiese vordering sou benadeel omdat dit die hoeveelheid lammers wat vir vervanging beskikbaar sou wees drasties sou verlaag. Op daardie stadium was daar nie goeie rekenaarprogramme beskikbaar om ons te help bepaal hoeveel ooie ons vir kruisteling kon gebruik nie, en het ons die duimreël toegepas dat ons 120% moes speen alvorens kruisteling oorweeg kon word. Weereens was die druk op ons om speen% te verhoog en moes ons na ander opsies kyk. Maar kruisteling en "basterkragbenutting" het uitgestaan as 'n baie belangrike opsie om beide die hoeveelheid lammers asook die kwaliteit van die slaglammers te verhoog (groeï vinniger, het 'n beter voeromset, en slag beter uit).

Op gevoel het ek geglo dat as ons 'n stelsel sou kry waar ons steeds met Merinos boer, maar dat ons die kuddesamestelling sodanig verander dat twee derdes van die wol wat ons lewer Merinowol was, en twee derdes van die lammers wat verkoop word "basterlammers" kon wees, ons die meeste geld sou maak.

Teeldoelwitte wat ons nagestreef het was om 'n gladder tipe skaap met 'n groter karkas en met fyner wol op, te hê (groter, gladder, fyner). Ook hier het ons gou beseef dat groter nie noodwendig meer ekonomies sou wees nie! 'n Groter ooi het groter behoeftes vir onderhoud en produksie en moes dan heelwat meer produseer om daarvoor te kompenseer. 'n Klein suiwer Merino ooi wat 'n tweeling "basterlammers" grootgemaak het, het telkens in ons somme die ander moontlikhede geklop. Konsepsies, fekunditeit

(getal tweeling), lamoorlewing en lamgrootmaak vermoë het belangrike seleksie kriteria geword! Voeding en bestuur moes ook dan daarby aanpas.

Die volgende aspek was die baie wol op die Merinos en daar was besluit om dit op een van 'n paar maniere aan te spreek. Die meeste boere het "tradisioneel" jaarliks of dan 12 maande wol geskeer. Die een moontlikheid was om die WPP% (wolproduksie potensiaal %) te verlaag – dit is die kilogramme wol op die kg skaap te verlaag. Die gemiddelde ooi was so tussen 50 en 55 kg en het ongeveer 7 kg wol geskeer (WPP van tussen 12,7% en 14%). Ons kon dit regkry deur om of die ooie groter te maak, of om die hoeveelheid wol te verlaag. Die ander moontlikheid was om eerder vir lengte te selekteer en om die skape dan met korter intervalle te skeer – elke 8 maande of selfs dan elke 6 maande. Waar ander rasse dan na 'n laer WPP% gestreef het, moes ons in teenstelling daarmee na 'n hoër % streef en baie meer klem op wollengte lê! (Hieruit het my stelling ontstaan dat 'n Merinoboer wat elke 6 maande skeer, eintlik met 'n ander skaap boer! Die skape het hul kondisie beter gehandhaaf, beter ram begin vat en meer tweeling gegee. Jong skape het beter uitgegroeï en dan vinniger in produksie gekom en ook beter ram gevat – beter konsepsies en hoër fekunditeit. Omdat die skape nooit meer as 6 maande wol opgehad het nie, was daar minder brommeraanvalle en gepaardgaande verliese. Ons boer dan as't ware met 'n "minder moeite skaap")

Laastens het die kuddesamestelling my baie gepla. Sommige boere het gesê dat hulle wolboere was en het nog met hamels geboer. Die gemiddelde ouderdom van eerste paar was 19 maande om op 24 maande ouderdom die eerste keer te lam (2-tand) een van my groot boere het selfs eers op 4 tand begin paar sodat sy ooie mooi kon uitgroeï en mooi kon lyk! Ons moes 'n stelsel hê waar die jong ootjies wat beter opgepas word, beter uitgroeï en vinniger geslagrypheid bereik, dan ook vinniger in produksie kon kom.

## Struikelblokke

Dit was net hier waar my moeilikheid begin het! Tradisie en 'n "ingeteelde" weerstand teen verandering was van die grootste dempers waarteen ek vasgeloop het. Een boer het vir my gesê dat dit makliker was om op daardie stadium 'n boer se politiek te verander, of sy kerkverband, as wat dit sou wees om sy stelsel en sy skeertyd te verander. En hy was reg!

Ek het my vasgeloop in "skaapolitiek" – beide "raspolitiek" asook in "wolpolitiek" (wie die wolkoper was, en dan of die "skaap en wolbeampte" oortuig kon word). Dit was asof die hele affêre net te veel en te vinnig vir baie mense was. Dit het geklink na meer werk, en dit het party boere afgesit.

Stoetboere het gereken dat hulle nie meer hul ooie sou kon KI nie! Die voorstel of oplossing om vroeg te speen, was 'n nuwe beginsel en moes ook eers bewys word. (Ten spyte daarvan dat ek reeds op daardie stadium literatuurverwysings gehad het dat 'n oilam van 20 kg of hoër en 'n ramlam van 25 kg of hoër beter weg van hul moeders gedoen het, as by hul ma's).

Byna elke boer met wie ek hieroor gepraat het, het vir my tientalle redes gegee oor hoekom dit nie sou werk nie, eerder as die teendeel. Ek het dit beskryf as die "waterglas beginsel" - die optimis sien dit as halfvol, terwyl die pessimis dit as halfleeg sien. Die nuwe gedagte wat ek in 1990 gekry het (gebore was), was byna in 1990 ook begrawe!

## Die soeke na 'n oplossing

Ek het na beeste gekyk en die feit dat die "ideale tussenkalfperiode" vir beide vleis- en melkbeeste as 365 dae beskou was. 'n Bees se dratyd is 9 maande, en om aan die voorafgenoemde kriterium te voldoen het



ons 3 maande om 'n koei dragtig te kry om dan jaarliks te kan kalf! As 'n mens dit dan eerder sien dat jy met 'n herkouer se baarmoeder boer eerder as met 'n koei of 'n ooi, en dieselfde beginsels wil toepas, het dit beteken dat jy 'n ooi drie maande na lam moet paar, en dat die "ideale interlamperiode" dan 8 maande of 240 dae moes wees, of dan dat 'n ooi elke 8 maande wat drie keer in twee jaar is, moes lam om daaraan te voldoen.

Al is 'n Merinoskaap nie seisoenaal of streng aan seisoene gekoppel nie, en al kan sy dus enige tyd van die jaar gepaar word, of lam, kry ons tog dat hulle op sekere tye soos in die herfsmaande (die natuurlike dektyd van kleinwild en meeste seisoensgebonde skape) beter "vat" (hoër konsepsies en meer tweeling). Indien ons die hele kudde dan so paar, duik 'n paar probleme in die praktyk op

- Oorslaanooie loop 'n volle 8 maande leeg voordat daar weer 'n paargeleentheid is
- 'n Jong ootjie kry die eerste keer op 11 maande 'n kans om beset te raak en daarna eers weer op 19 maande. Dus in werklikheid slegs een kans om vroeër in produksie te kom as in tradisionele stelsels
- Ramme word nie baie effektief benut nie en 'n volle 2,5 tot 3% ramme word benodig wat steeds tot 'n redelike hoë ramkoste per lam lei (wel 'n derde laer as in 'n een maal per jaar stelsel, maar steeds te hoog!)
- In een belastingjaar het jy slegs een lammeroes, en in die daaropvolgende jaar twee. Kontantvloei kan dus steeds 'n probleem wees en belastingskuiwe moet elke twee jaar gedoen word
- Een van die paartye en een van die lamtye val elke jaar in 'n "slegte tyd" – 'n tyd van kos skaarste of reg in die koue en nat maande. Die hele ootrop word dan gelyktydig aan die elemente blootgestel of 'n hele lammeroes word aan ekstreme natuurtoestande blootgestel.

Dus, 'n gewone drie-keer-in-twee-jaar-stelsel waar die hele kudde as slegs een "oikudde" bedryf word, was nie die antwoord nie. Ons moes kyk na variasies van die stelsel, en die halfpaarstelsel waar die ootrop in twee gedeeltes word en een gedeelte elke 4 maande (die helfte van 8 maande) gepaar word om dan ook elke 4 maande in die maand na paartyd te lam, het vir ons baie sin gemaak.

- Ooie of 'n ooi het steeds die geleentheid om elke 8 maande te lam.
- Indien sy sou oorslaan, of dan nie op 3 maande na lam beset raak nie, en 'n langer "ruskans" vat, lam sy soos in die ou dae, of soos jou buurman dalk steeds boer, jaarliks of elke 12 maande ( $8 + 4 = 12$ )
- Omdat daar elke 4 maande 'n paargeleentheid is, kry 'n jong ootjie op 7 maande ouderdom haar eerste kans om beset te raak, en daarna weer elke 4 maande op 11 en weer 15 maande voordat sy soos in die tradisionele stelsel op 19 maande die eerste keer gepaar word. Hier het sy dus 3 geleenthede om vroeër of dan gouer in produksie te kom!
- Omdat die oikudde halveer, word net die helfte van die normale getal ramme benodig. Ramkoste per lam neem geweldig af omdat jy aan die een kant minder ramme benodig, maar ook omdat hulle

meer gereeld gebruik word en omdat daar dan meer lammers van 'n ram in sy leeftyd gebore word. In die praktyk gebeur dit egter dat baie boere nou bereid is om meer vir hul ramme te betaal en dus beter genetica aankoop en sodoende dan ook geneties vinniger vorder.

- Kontantvloei het geweldig verbeter omdat daar elke 4 maande 'n lammeroes was.
- Baie boere het reeds in Maart en in November gepaar, so dit was slegs nodig om een ekstra paartyd in Julie in te bring om in die stelsel te kom.

## Die Halfpaarstelsel

Paar 8 Aug – 7 Sep, paar 8 Des – 8 Jan, paar 8 Apr – 8 Mei. Lam dan 1 Sep – 1 Okt, lam 1 Jan – 31 Jan, lam 3 Mei – 3 Jun

Dit was volgens my die vinnigste metode om 'n boer se lam% met die helfte te vermeerder (en byna alle boere wat oorgeskakel het, het byna dadelik van ongeveer 90% na 135% geklim!). Indien ons dan tussen 'n kwart en 'n derde van die ooie met 'n "vleisram" sou paar, kon dit gebeur dat ons steeds 100% Merinos skeer, maar tussen 25 en 30% "basterlammers" bemark. Om by twee derdes Merinos skeer en twee derdes "basterlammers" bemark te kom, moes ons kyk na 'n terminale driepunt kruisstelsel, met 'n ras wat in die eerste kruising nie die skeersel sou belemmer nie. Die S.A. Vleismerino het aan ons vereistes voldoen en is toe as eerstekruis ramme gekies omdat die F1 ootjies wat terughou word se wol steeds deurgaan as Merinowol, en hulle groter en gladder was. Hierdie ootjies is ook baie vrugbaar, het baie melk en het goeie moederseienskappe – byna alles wat ons in 'n kruisooi soek!

Omdat dit 'n "terminale stelsel" is, wat beteken dat alle lammers van die derde kruising geslag word (ram en oilammers) het dit nie regtig saak gemaak watter ramme dan in die finale kruising gebruik word nie. Maar weereens is as wolboere besluit om by vleisrasse te hou wat nie kempdraend is nie – daarom is daar besluit om of Dormers, of Ille de France ramme te gebruik.

## My "ideale stelsel" vir die Suid-Kaap was dus

- 'n Merino basiskudde waarop kruisteling toegepas kon word. As ideaal is daarna gestreef dat minstes twee derdes van die ooie Merinos moes wees, en dat ons graag twee derdes van die lammers as kruislammers wou bemark.
- Ons moes daarna streef om beslis oor 150% te speen, maar verkieslik oor 200%
- Die halfpaarstelsel waarin die lammers vroeg gespeen word en die ooie dan vroeg gepaar word met Maart, Julie en November as paarmaande het na die beste opsie gelyk.
- Paartye moes nie langer as 35 dae wees nie
- 'n Terminale kruisstelsel, met die SA Vleismerino as eerste kruisras en die Dormer of Ille de France as terminale kruising is as die ideaal bestempel
- Skeer met korter intervalle – elke 8 maande, of selfs elke 6 maande (Dit dra by tot kontantvloei, beter konsepsies, beter uitgroei van jong skape, en "easy care" skape met minder bromeraanvalle)
- Ekonomiese beplanning en rekordhouding was een van my grootste kopsere. Boere was of goeie boere, of goeie boekhouders – om beide by een boer te kry was 'n byna onmoontlike taak! Ek wou weet wat ek vir my kliënte werd was. "Om te meet is om te weet!". Ek het dit aangepas as: "Meet dit of vergeet dit". Hoe kan ons 'n begroting klop as daar nie 'n begroting is nie?

Die stelsel was dus op besighheidsbeginsels gegrond en met 'n produksiebestuursplan in plek waarin die veearts betrokke is as deel van 'n bestuursplan, en waar hierdie plan tot almal se beskikking was. Die gesondheidsprogram, wat slegs 'n gedeelte van die bestuursplan

was, moes op voorkomende dieregesondheidsbeginsels gegrond wees en vir elke plaas met sy spesifieke doelwitte opgestel word. Sodoende word pro-aktief opgetree eerder as re-aktief.

In 2000 het ek die volgende syfers in 'n praatjie gebruik: In daardie stadium het ek redelik intensief by 25 skaapboere gewerk. By sommige tot 15 jaar en by ander slegs 'n paar maande. Die gemiddelde stertsny% van almal was 131%. Een kliënt se speen% het oor 'n 9 jaar periode van 95 na 160% opgegaan! Die kuddesamestelling het verander en die gemiddelde getal KVE het afgekom van 3671 in 1992, na 3067 in 1998, terwyl die ooigetal met 367 opgegaan het van 1683 na 2050. Jong ootjies het vroeër in produksie gekom en kruislammers is vinniger bemark! In effek het dit 1378 meer lammers uit 367 meer ooie beteken! Kom ons stel dit in perspektief - teen 2008 se pryse van R750 wat hulle per lam gerealiseer het, praat ons van net oor R1 miljoen meer.

Dit was nogal interessant om te sien dat waar ek die intenste betrokke was en waar boere bereid was om die meeste van die goed wat ek aanbeveel het wel toe te pas, hulle ook die boere was wat die beste gedoen het.

Ander variasies van die stelsel wat ek intussen na gekyk en aanbeveel het, is

- **Dubbel Halfpaar of CAMAL stelsel:** Hier is daar teoreties 4 kuddes, maar in die praktyk slegs 3 omdat die eerste groep weer die vierde een word. Daar is 6 paartye per jaar – elke 2 maande. Ooie word vinniger herpaar, maar dit is meer arbeidsintensief en goeie voeding word deurgans vereis. Twee ramtrotte word benodig a.g.v. die kort herstelperiode tussen paartye. Die stêrstelsel is baie meer prakties en effektief!
- **Die "49 dae"- Stelsel** wat die Franse navorsers (Thimonier et al, 1975) by Nouzilly ontwikkel het. Dit is egter steeds my mening dat dit geweldig arbeidsintensief is, en dat dieselfde of beter syfers met minder moeite in ander stelsels verkry kan word. Alternatiewelik word die 3 weke as vakansie geneem waarin die werkers 'n bietjie kan rus.
- In 'n variasie van die **Stêrstelsel** kan ons twee paartye met intervalle van 73 dae hê, en dan oor 'n krisisperiode soos die Kerstyd of met oestyd, of oor 'n seisoenale fase van kosskaarste, die volgende paarinterval doelbewus rek na 146 dae. 'n Ooi wat twee keer 7,2 maande uitmekaar uit lam en dan 9,6 maande later weer, lam ook 3 keer in 24 maande, of dan 3 keer in 2 jaar.
- **Die 1,2,3,4-Stelsel:** Hierdie stelsel is deur my "ontwerp" om meer struktuur aan die vorige stelsel te gee en is veral geskik vir klein kuddes of vir kommunale areas waar daar nie drade of kampe is waar die ramme apart van die ooie gehou kan word nie. In plaas daarvan dat die ram dan gebruik word om paartye te manipuleer en te implimenteer, maak ons van prikkelvoeding en prikkeldosering gebruik om die ooie te prikkel om in siklus te kom en meer gereeld te lam. Bestuur, dosering en inentings word op strategiese tye toegepas – elke 4 maande. Dit werk dan net mooi uit dat dit ongeveer 'n maand voor lam is vir die dragtige ooie, en die ooie wat dan nie dragtig is nie word deur die beter bestuur en byvoeding geprikkel om op hitte te kom om dan weer 5 maande later te lam. Omdat die diere in hierdie stelsel meestal saans gekraal word, word byvoeding hier gegee om te keer dat die "buurman" se diere dit nie opvreet nie. Deur middel van 'n kruiphek in een hoek van die kraal kry die lammers dan toegang tot 'n kruiprantsoen. Ons skep dan 'n amperse "halfpaarstelsel". Die hele kudde (Ramme, ooie, en lammers) loop dus saam as een trop, en meeste ooie lam dan rofweg 3 keer in 2 jaar!

Sien ook artikel in Merino Fokus 2008, bl.40, wat hierby aansluit.

\* Dr Dave Midgley (BVSc), Technical Manager, Pfizer Animal Health, PO Box 783720, Sandton, 2146. T 011-3206078, F 011-8951578, C 082-4933423. dave.midgley@pfizer.com